# GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM

**'n Uiteensetting uit 'n Bybelse Oogpunt**

**deur Sendeling Ewald Frank**

# Voorwoord

In hierdie boekie het ek probeer om 'n kort aanbieding oor God en Sy plan vir die mensdom te gee, gebaseer op die Ou en die Nuwe Testamente. Ek gaan hoofsaaklik toespits op die onderwerp van die Godheid. Ongelukkig kon slegs 'n paar gedeeltes in ag geneem word wat verband hou met die spesifieke onderwerp. Dit is nietemin genoegsaam om die leser die geleentheid te gee om die Skrif verder te ondersoek totdat die waarheid met duidelikheid deurkom.

Net soos die meerderheid van die Jode die reddingsplan van God in Sy profetiese Woord nie verstaan het nie, het die kennis oor Christenheid ook heeltemal verlore gegaan. Soos die Christendom geleidelik bevestig was as ‘n staatsgodsdiens, het dit skeiding gebring tussen die Jode en die Christene. By die derde eeu het hulle heeltemal wegbeweeg vanaf die beginsels soos daargestel deur die apostels, wie natuurlik Jode was. Immers, die Christene het die Jode beskuldig dat hulle die Messias, hul Verlosser, vermoor het, onwetend dat dit deel was van God se Plan. Die Jode, daarinteen, het die kragdadige kerstening weerstaan. Met die vertrek van die Christene uit die Jodedom, het hulle hulself tegelykertyd gedistansieer van die Ou Testament en daarmee die eintlike grondslag van die ware Christen-geloof verlaat. Die besef dat mens nie die Nuwe Testament sonder die Oue kan verstaan nie, was verlore. So het dit gekom dat die teologie van vandag sonder behoorlike fondasie is en as sulks, heeltemal weg is van die Woord van God.

Dit kan nie langer geduld word nie. Elke opregte soekende mens het 'n reg om te weet wat God in Sy Woord sê. In alles wat Hy gedoen en geleer het, het die HERE Jesus deurgans verwys na die Ou Testament, toe Hy die Skrifte aan Sy dissipels geopenbaar het. So ook het die apostels hulself uitsluitlik beroep op die Ou Testament. Om God en Sy plan te erken, moet mens die brug vanaf die Ou na die Nuwe oorsteek.

Vir hulle wie skryf oor die Godheid, is dit soms 'n baie ‘warm patat’, want dit is algemeen bekend hoe verskillend God verteenwoordig én verstaan word. Sommige mense glo dat God slegs een persoon is en ander, dat Hy twee is, en ander weer, drie. Oor al die ander opvattinge oor God sal ons hier nie op ingaan nie. Die prentjies wat volg na hierdie voorwoord, illustreer net ‘n paar van die menslike standpunte.

In die tyd van die profete en later ook in die dae van die apostels, was daar geen spekulasie oor God nie. Toe mense die Bybelse grondslag verlaat het en menslike denke prioriteit gegee het, het die leiding van die Heilige Gees verlore gegaan. Die 'steen-des-aanstoots' was en is nog steeds Christus. Dit blyk dat die 'Eenheid' mense, oftewel die 'Unitarians', wie in een God glo, die goddelikheid van Jesus Christus verwerp. Daarteenoor staan die Drie-enigheids lering, wat God in drie persone opdeel. Ongelukkig het dit wat gepubliseer was ná die Reformasie nie deeglik met hierdie onderwerp gedeel nie. Tot in onse tyd word die tradisionele voorstellinge aanvaar. Hoe waardevol hierdie verkeerde opvattinge oor God geword het, kan gesien word deur hoe sterk hulle standpunte bepleit word.

Om beter insig oor die onderwerp te gee sal ons onsself nou en dan wend tot die Hebreeuse woorde Elohim, Yahweh en Yahshua. Maar die werklike helderheid kom nie noodwendig uit die Hebreeus of die Grieks nie, maar slegs deur die gees wat die profete en apostels geïnspireer het. Eers dan sal ons sien wat hulle gesien het, hoor wat hulle gehoor het en verstaan soos hulle verstaan het.

Elkeen sê waarskuwend: "Stel die geeste op die proef!" maar dan bedoel hulle andere moet dit doen, en nie hulle wie die waarskuwing rig nie. Ons moet almal egter die geleentheid gegee word om die eeue-oue geloofsleringe van die Woord op die proef te stel. Sonder dat predikers en luisteraars bewus is, word interpretasies oor die Woord van God verkondig, maar nie die oorspronklike Woord nie. Die Woord van God kan slegs deur God se gesante, manne wat in opdrag van God handel, gebring en uitgelê word aan ons; teoloë bring net interpretasies.

Onder geen omstandighede is dit die bedoeling met hierdie uiteensetting om enige iemand spesifiek seer te maak nie. Dit gaan meerindeels daarom om die hele Gemeente van die lewende God te bedien. Behalwe dit is daar ook die kwessie oor die Jode wat hulle hoop op die God van Israel het en die Messias verwag. Uit Jerusalem het die woord uitgegaan, en dieselfde woord sal ook daarheen terugkeer.

Mag alle lesers ryklik geseën word.

Krefeld, Mei 1985 Die skrywer




Die prentjie hierbo stel voor die Vader met die septer, die Seun met die kruis en die Heilige Gees wat soos 'n duif beweeg bo die twee.

Wat sien  jy in hierdie fotos? Een God of drie gode?

Die drie persone hieronder is veronderstel om een God te maak. Hoe kan dit dan nou wees?






God kan selfs ook nie wiskundig verduidelik of geïllustreer word nie.



'n Voorstelling van die Hindoe drie-eenheid: Brahma die Skepper, Vishnu die Bewaarder and Mahesh die Geweldenaar.

Die menslike idees oor God is oud. Dit gaan terug na Nimrod en die Babiloniërs en dit is onverstaanbaar hoe dit later oorgeneem is deur die Christendom, alhoewel in ‘n ietwat gewysigde vorm. Wie werklik verstaan wat hierdie beelde in doktrienes verteenwoordig, sal verstaan waarom 'n verduideliking aan die hand van die Skrif noodsaaklik is.

## Die Godheid

Die Joodse en die Christelike godsdiens sowel as die van Islam word monoteïstiese godsdienste genoem. Dit is, hulle glo dat daar net een God is. Tog het hulle heeltemal verskillende opvattinge oor God; hulle leerstellinge en uitgangspunte is in skrille kontras met mekaar.

Hoe het dit dan gekom tot sulke onderskeidelike ontwikkelinge? Het God nie Homself duidelik genoeg uitgedruk nie? As die aanvangspunt dieselfde was moet die uitgangspunt dieselfde wees. Het die Jodedom Hom nie as draer van Sy getuienisse Sy selfopenbaring erken nie? Het die Christene die Jode misverstaan en die Moslems hulle selfs verwerp? God het 'n alles-omvattende self-getuienis afgelê. Daar moet 'n duidelike onderskeid wees tussen die getuienis van die Skrif, wat in volle ooreenstemming gegee is deur al Sy profete en tussen wat skrifgeleerdes en wyses dit gemaak het. Vir die ware gelowiges kan net van toepassing wees wat God sê in Sy Woord. Wat mense oor Hom en Sy Woord sê is wat die verskillende godsdienste opgelewer het. Die HERE wil Homself voorstel soos Hy is.

Die profeet Jesaja het verklaar: *"Júlle is my getuies, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is — voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. Ek, Ek is die HERE, en daar is geen Heiland buiten My nie"* (Jes. 43: 10-11). 'n Waaragtige getuie moes gesien en gehoor het. Hy moes daar gewees het toe die ding gebeur het, as hy 'n getuie wil wees. Die profete was dies na wie die Woord gekom het; God het hulle gebruik om te getuig wat hulle gesien, gehoor en ervaar het. Die volk Israel word kollektiewelik aangespreek as dienaar en getuie. Deur Abraham, Isak en Jakob is hulle gekies om die self-getuienis van God in die allerheiligstes geloof te dra. Die taak van die Gemeente is om van die self-openbaring van God en van die eintlike verwesenliking van die grootste verborgenheid van God te getuig.

Van Johannes die Doper is gesê: *"Daar was 'n man van God gestuur, wie se naam Johannes was. Hy het tot 'n getuienis gekom om van die Lig te getuig, sodat almal deur hom sou glo. Hy was nie die Lig nie, maar hy moes van die Lig getuig"* (Joh. 1: 6-8). Die mees geloofwaardige getuie was die HERE self, wie kon sê: *"Hy wat van bo kom, is bo almal; hy wat uit die aarde is, is uit die aarde en praat uit die aarde. Hy wat uit die*

*hemel kom, is bo almal. En wat Hy gesien en gehoor het, dit getuig Hy; en niemand neem sy getuienis aan nie. Wie sy getuienis aangeneem het, het sy seël daarop gesit dat God waaragtig is"* (Joh. 3: 31-33).

Byna dieselfde woorde as in Jesaja 43 is aan die apostels gespreek, wie oor- en ooggetuies was oor alles wat gebeur het in daardie tyd: *"... en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde"* (Hand. 1:8). Die apostels het ook elkeen op hulle beurt hiervan getuig. Johannes skryf: "*Wat van die begin af was, wat ons gehoor het, wat ons met ons oë gesien het, wat ons aanskou het en ons hande getas het aangaande die Woord van die lewe ... wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle"* (1Joh. 1: 1-3). Petrus het gesê: *"... maar ons was aanskouers van sy majesteit"* (2Pet. 1:16).

Die harmonie van Ou en Nuwe Testament en die volledige ooreenstemming van die profete en apostels moet almal oorweldig. Deurgans is dit die een en ware God wat praat. Johannes skryf: "*wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus – alles wat hy gesien het*" (Openb. 1:2). In die profete en apostels se woordeskat kry 'n mens nie die volgende nie: "Ek bedoel ...", "Ek dink ...", "Volgens my ..." of "Dit kan wees ..." – in hul woorde en getuienisse is absolute gewisheid omdat hulle gehoor, gesien en ervaar het.

Ons wil ons in hierdie voorlegging nie bemoei met wat geleerdes in teologie sê, skryf of andersins verduidelik nie, maar ons wil onsself slegs bepaal by die heilige Skrif as die enigste geldige grondslag. Die bewering dat niemand die Bybel kan verstaan nie, is nie waar nie. 1Korinthiërs 2:14 is dit eens: *"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word"*.

Volgens Johannes 16:13 word die ware gelowiges gelei deur die Gees in die volle waarheid van die Woord: *"Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei"*. Nog steeds geld die Woord: *"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God"* (Rom. 8:14). Die gees van die mens het geen toegang tot daardie dimensie nie: *"Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God"* (1Kor. 2:10). Deur die Woord van God word God se geheimenisvolle, verborge wysheid, aan ons voorgelê (1Kor. 2:7).

Van ewigheid af was God, wat in wese gees is (Joh. 4:24), in Sy volheid verborge. In 1Timotheüs 6:16 sê dit: *"wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie …"* Die ewigheid het nooit begin nie en kan dus nooit eindig nie. Toe God vanuit die ewigheid na vore kom, toe breek tyd aan; die Bybel noem daardie oomblik "die begin". In die begin het God se onsigbare bestaan 'n sigbare gees-liggaam manifestasie geword.

In Génesis 1:1 lees ons: *"In die begin het God die hemel en die aarde geskape".* Eerstens skape God die hemel en alles wat dit vul, daarna die aarde en die see en alles wat daarin is. Aanvanklik was hierdie planeet woes en leeg; daar was geen lig en geen lewe op die aarde nie en duisternis was op die wêreld vloed. Toe sê Hy in Sy almagtigheid: *"Laat daar lig wees! En daar was lig."* Alles het deur die krag van Sy gesproke woord ontstaan, want Sy Woord het skeppingskrag (Heb. 11:3). Die majestueuse skepping van die heelal is 'n geweldige getuienis van die magtigheid van die Skepper.

Niemand moet probeer om God te peil met hul gedagtes of God met tasbare formulerings verklaar nie. Hy is in beginsel verhewe bo alles wat verstaanbaar is. Dit is geskryf: *"Kyk, die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie …"* (1Kon. 8:27). Ook: *"So sê die HERE: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete"* (Jes. 66:1).

Die oral-teenwoordige en Almagtige vul die oneindige heelal; Hy het nie 'n onbekende, naamlose, verborge God gebly nie, maar het Homself van die begin af op menigvuldige wyse aan die mense geopenbaar.

## Een God – Verskeie Benaminge

In die Ou Testament kry ons eerste die Hebreeuse woord *Elohim,* wat vertaal is in ons Bybel as "God". *Elohim* sluit al die verskillende eienskappe in, waarin God geopenbaar word: as Skepper, Onderhouer, Verlosser, ens. *El, Ela* of *Elohim* is benaminge vir "God". In Génesis 14:18 openbaar God Homself as *El Elyon*, wat beteken "die Allerhoogste God." Aan Abraham het die HERE God Homself voorgestel as *El Shaddai* (Gén. 17:1), waardeur God beskryf word as die "Versorger", die "Sterke", die "Alom-genoegsame". In die Boek van Job alleen verskyn dit een-en-dertig maal. In Génesis 21:33 vind ons in Hebreeus *El Olam*, dws, "Ewige God" en in Jesaja 9:5 *El Gibbor,* "Sterke God".

Die laaste benaming is van buitengewone belang, want dit is deel van die belofte van die Verlosser en 'n definieerbare, onweerlegbare bewys wat Sy godheid bepaal: *“Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors”.* Soos ons sal sien, is die ooreenstemmende getuienis van God en dié van Sy profete, dat Hy Homself kom as Immanuel, wat beteken: *"God met ons"* (Jes. 7:14; Matt. 1: 22-23).

Samehangend met *Elohim* word ook die benaming *Jahweh* gebruik (in Hebreeus: YHWH). *Jahweh* beteken die “Ewige Wese", die "Selfbestaande" en is opgeneem in ons Bybels as “die HERE".

In Génesis 1 vind ons net die benaming *Elohim*. Daar word dit berig dat God die mens geskape het na Sy beeld, in ‘n gees-liggaam. In Génesis 2:4, kry ons vir die eerste keer die begrip "die HERE God". Dié benoeming staan in verband met die aardse, toe die mens in die vleeslike liggaam geskape was.

Maar eers in die tyd van Moses, toe God eintlik ‘n Verlosser word, het Hy daardeur die betekenis van daardie eienskap geopenbaar: “*Verder het God met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is die HERE. En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam* God die HERE *(*Hebr.: *‘Elohim-Jahweh’) het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie”* (Exo. 6: 1-2). Die profeet Moses het geweet dat *Jahweh* die sigbare vorm van *Elohim* bekend gemaak het; toe hy die Torah (die eerste vyf boeke van die Bybel) skrywe, moes hy die regte benaming kies. Die volk Israel was gered (Exo. 3:12), volgens die belofte wat God aan Abraham gemaak het (Gén. 15: 13-16). Vandaar die naam *Yahweh*; dit staan in verband met die bevryding van Israel. *Yahweh* is die Verbondsnaam van die HERE God in die Ou Testament. In hierdie naam sou Israel geseënd wees (Núm. 6: 22-27).

## Die Sewe Samegestelde Name

Op dieselfde wyse soos Elohim onderskeidelik in al die ooreenstemmende diverse kontekste uitgedruk word, gebeur dit ook met die naam *Jahweh*:

*Jahweh-Jireh* - "die HERE voorsien" (Gén. 22: 7-14)

*Yahweh-Rapha* - "die HERE genees" (Exo. 15:26)

*Jahweh-Nissi* - "die HERE my banier" (Exo. 17: 8-15)

*Yahweh-Shalom* - "die HERE onse vrede" (Rig. 6:24)

*Yahweh-Zidkenu* - "die HERE ons geregtigheid" (Jer. 23:6)

*Yahweh-Shammah* - "die HERE is teenwoordig" (Esé. 48:35)

*Yahweh Sabaoth* - "HERE van die leërskare" (1Sam. 1:3)

As jy hierdie sewe benaminge waarmee die HERE God Sy eienskappe aandui, saamvat, dan kry jy die beeld van God se alles-omvattendheid.

Vandag gebruik Israel net die aanspreekvorms *Adonai* en *Elohim* in hulle gebede. Hulle rig hulself waarskynlik na die woorde in Amos 6:10: *"Bly stil, want dit is nie gepas om die Naam van die HERE te vermeld nie!". Adonai* beteken "HERE, Meester en Gebieder". Hierdie beskrywing kom herhaaldelik voor in die Nuwe Testament met verwysing na Christus, byvoorbeeld in John 13:13, Lukas 6:46, ens. In die woord *Adonai* is daar egter geen naam kombinasies soos met Elohim en Yahweh nie. In Exodus 4:10 is die basiese teks: *"Toe sê Moses aan die HERE: Ag, HERE, ek is nie 'n man van woorde nie—van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong".* Moses was bewus daarvan dat God hom aangestel het vir 'n diens, so spreek hy die HERE aan as "Adonai". Dit verwys na die verhouding tussen die HERE en Meester en diegene wat sy gebooie en bevele uitvoer.

Dit was nie die HERE (*Jahweh*), wat homself as *Elohim* geopenbaar het nie, maar wel *Elohim* wie Homself as die HERE bekend gemaak het. So handel en wandel, praat en doen God gedurende die hele tydperk van die Ou Testament. Die almagtige God ontmoet ons as "die HERE". Dit is van die uiterste belang vir Sy self-openbaring in die Nuwe Testament. Die seun openbaar homself nie as Vader nie, maar die Vader verskyn in die Seun. Dit is die God-openbaring.

Daar was geen profeet of apostel wat geglo het in 'n pluraliteit van persone in die Godheid nie. Inteendeel, die klem was op die feit dat daar net een God is. Die HERE het deur Moses van Homself getuig: *"Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag"* (Deut. 6: 4-5).

Dié woorde is ook 'n duidelike getuienis: *"Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet dat die HERE God is; daar is geen ander buiten Hom nie. Uit die hemel het Hy jou sy stem laat hoor om jou te onderrig; en op die aarde het Hy jou sy groot vuur laat sien, en jy het sy woorde uit die vuur*

*gehoor ... daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie"* (Deut. 4: 35-39). Daar is net een God; Hy kan Homself op aarde openbaar en terselfdertyd Homself in die hemel bevind. Sy stem kon weerklink vanuit die hemel, terwyl Hy teenwoordig was op die berg Sinai.

In Nehemía 9:13 lees ons: *"En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel, en U het aan hulle regte verordeninge en betroubare wette, goeie insettinge en gebooie gegee."* Hierdie skrif verwys na die tyd toe die gebooie gegee was. Die HERE het in die vuur op die berg neergedaal en gepraat met 'n geweldige stem. Die mense was ooggetuie van die voorval en was geskok: *"En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons"* (Exo. 20: 18-19).

## Die HERE in Engel-gestalte

Van Moses word ons vertel dat 'n Engel van die HERE aan hom verskyn het soos 'n vuurvlam wat ontstaan het in 'n doringbos (Exo. 3:2). Vanaf vers 4 lees ons: *"Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek. En Hy sê: Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond. Verder sê Hy: Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob. Toe het Moses sy aangesig verberg, want hy was bevrees om God aan te sien".*

In hierdie berig word genoem "God" en die "HERE" en die "Engel van die HERE". Nietemin, dit is nie drie individue nie, maar drie verskillende name vir een en dieselfde persoon. Die "Engel van die HERE" is die sigbare verskyning van God in engel-gestalte. So het Hy geloop in die tuin van Eden en gepraat met Adam en Eva; so besoek Hy Abraham in Génesis 18, begelei van twee engele. Dit sê letterlik: *"Daarna het die HERE aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag".* Abraham het selfs die HERE se voete gewas en 'n maaltyd vir die uitnemende besoeker laat berei. Die twee engele, wat ook in manlike figure was, het voortgegaan na Sodom (hoofstuk 19:1), maar die HERE het met Abraham gebly en voer toe 'n lang gesprek met hom.

In Exodus 33: lees ons: *"En as Moses in die tent ingaan, kom die wolkkolom af en gaan by die ingang van die tent staan, en dan spreek Hy met Moses"* (v.9)*. "Dan spreek die HERE met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek"* (v.11). Moses spreek toe 'n spesiale versoek uit: *"As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind. En bedink tog dat hierdie nasie u volk is. En Hy antwoord: Moet Ek self meegaan om jou die rusplek te verskaf? Toe sê hy vir Hom: As U nie self meegaan nie, laat ons dan nie hiervandaan optrek nie"* (vv. 13-15).

In Exodus 23: 20-21 het die HERE gesê: *"Kyk, Ek stuur 'n Engel voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. Neem jou in ag vir Hom en luister na sy stem; wees nie wederstrewig teen Hom nie; want Hy sal julle oortreding nie vergewe nie, want my Naam is in Hom"* (oorspronklik: *"want EK is persoonlik in Hom"*). Uiterlik het die mense die gestalte van 'n engel gesien, maar in dié vorm was die HERE God persoonlik teenwoordig, soos hy dit self gesê het.

In die profetiese woord word daar na die HERE in Sy sigbare verskyning ook verwys as "Engel van Sy aangesig". In Jesaja 63:9 staan: *"In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd".* Die laaste profeet in die Ou Testament het verklaar: *"... die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare"* (Mal. 3: 1).

Die feit dat God tydens die Ou Testament Homself sigbaar gemaak het in Engel-gestalte, as Sy persoonlike openbaring in menslike gedaante, is van buitengewone belang. Wat Jakob, die vader van die twaalf stamme van Israel beleef het, moet ook vir ons dien as 'n getuie. Van hom is geskrywe: *"... Ja, hy het met die Engel geworstel en die oorhand gekry, hy het geween en Hom gesmeek. By Bet-el het hy Hom gevind, en daar het Hy met ons gespreek. En HERE God van die leërskare, HERE is sy gedenknaam"* (oorspr: "*Jahweh is Sy gedenknaam*" – Hos. 12:4-6). In hierdie teks word om die beurt gepraat van die "Engel van die HERE" en van "God", en tog gaan dit hier net om die Een wat homself op veelvuldige maniere openbaar en nog dieselfde bly.

Die gedetailleerde beskrywing van hierdie ervaring vind ons in Génesis 32, vanaf vers 22. Die Engel word hier na verwys as 'n man wie vir

Jakob op die heup slaan: *"Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën. En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob. Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin. Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën. Toe noem Jakob die plek Pniël* ("aangesig van God")*; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered."*

Hierdie gebeurtenis lyk amper te menslik. Maar juis daarin bestaan die grootheid en verhewenheid, dat die Almagtige, wat alomteenwoordig is, Homself aan die mense openbaar op 'n verstaanbare manier. Voordat Jakob gesterf het, het hy Joseph se twee seuns geseën met gekruisde arms, en gesê: *"Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het—mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte"* (Gén. 48: 15-16).

In Exodus 24, vanaf vers 9 lees ons: *"Daarop het Moses opgeklim met Aäron, Nadab en Abíhu en sewentig van die oudstes van Israel. En hulle het die God van Israel gesien, en onder sy voete net soos 'n vloerwerk van saffierstene en so helder soos die hemel self. Maar Hy het sy hand nie na die uitgesoektes van die kinders van Israel uitgestrek nie, en hulle het God aanskou; daarop het hulle geëet en gedrink"*. Geen mens kon God in Sy volheid, as gees, sien nie. Hy was gesien net wanneer hy uit die geestelikheid uitgetree het. Die sewentig oudstes en andere het Hom gesien in sy Heerlikheid. Die profeet Esegiël het berig: *"En bokant die uitspansel wat oor hulle hoof was, was iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van 'n troon; en op die troongestalte 'n gestalte wat soos 'n mens gelyk het"* (Esé. 1:26). Daar is nie 'n enkele plek waar drie mense gesien was op die troon nie. So ook is die terme "Drie-enige God" en "Drie-eenheid" nêrens in die Bybel nie. Geen profeet of apostel het ooit enige skrifgedeelte geïnterpreteer tot die effek dat God bestaan uit verskeie persone nie.

## 'n Woord van Duidelikheid

In die lig van wat reeds uiteengesit is besef ons van wie God by die skepping gepraat het, toe Hy gesê het: *"Laat ons mense maak na ons beeld..."* Ook dié Skrif gee 'n duidelike, ondubbelsinnige antwoord. In Job 38:4-7, vra die HERE vir Sy kneg: "*Waar was jy toe Ek* (nie "toe ons" nie) *die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het. Wie het sy afmetinge bepaal? —jy weet dit mos! Of wie het daaroor die meetsnoer gespan? Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê? Toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het?"* Meer duidelik kan dit nie gesê word nie. Toe die HERE God die aarde geskep het, het die hemelse leërskare gejubel, en die engele gejuig. So, God is nie alleen nie; Hy het nie alleenspraak gehad nie, nog minder met 'n ander God gepraat want dié bestaan nie, maar met die engele wat rondom hom was.

In Génesis 11:7 sê die HERE: *"Kom, laat ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie."* In vers 5 sê dit vooraf: *"Toe daal die HERE neer..."*. Weer en weer was Hy gesien, omring deur hemelse leërskare. Die profeet Miga het getuig: *"Daarom, hoor die woord van die HERE: Ek het die HERE sien sit op sy troon, terwyl al die hemelse leërskare aan sy regter- en sy linkerhand staan"*. (2Kron. 18:18). Ook hier het die HERE gepraat met die engele wat hom omring.

Jesaja vertel van 'n soortgelyke ervaring toe hy *"die HERE sien sit op 'n hoë en verhewe troon, terwyl sy some die tempel gevul het. Serafs het bo Hom gestaan ... En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!"* (Jes. 6:1-3). Daar is 'n onderskeid tussen die engele wat menslike gestalte aanneem, en die gérubs en serafs. Die gérubs en die serafs sweef bo-oor die HERE; die engele staan voor Hom. In vers 8 lees ons: *"Daarop hoor ek die stem van die HERE wat sê: Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?"*. Weer praat dit van die aanwesigheid van die Hemelse leërskare.

God het Homself geopenbaar aan die mense wie in Hom glo. Hulle ontvang Sy beloftes en het duidelikheid oor hom. Nie die Ou Testament profete nie, nóg die apostels in die Nuwe Testament het al ooit 'n raads-bespreking oor God gehad nie. Eers in die 3de eeu n.C., toe die Griekse en Romeinse afgods-filosofieë in die Christendom opgeneem is, was die lering van die Drie-eenheid gebore. Dis waarop

vandag se teologie in die formele- en onafhanklike kerke gebou is en nie, soos verkeerdelik geglo word, op die oorspronklike getuienis van die profete en apostels nie. Die verwronge kennis van God word algemeen beskou as die regte en die waaragtige word as vals verwerp. God is nie wat ons Hom maak nie, maar Hy is wat Hy is. Mense maak gode, maar die HERE *is* en bly God – *"dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid"* (Ps. 102: 26-28; Jes. 48:12; Heb. 13:8).

God het nie Homself vermenigvuldig nie, nog minder het Hy verander. Geen Jood kan 'n 'Drie-enige' God aanvaar nie; dit is eenvoudig onmoontlik, want daar is nie so iets in die hele getuienis van die Skrif nie. Elke keer wanneer God verskyn in een van Sy manifestasies, is die aard van daardie manifestasie in verband met die verwesenliking van Sy plan met die mensdom.

## Die Oorgang

Aangaande die onderwerp van die Godheid ondervind die mense in die Nuwe Testament veel groter probleme, as in die Ou Testament. Dit is omdat ons nou te doen het met teologiese denke wat heeltemal onbybels is. Selfs by die Raad van Nicea (325 n.C.), was daar nog geen besprekinge oor 'n 'drie-eenheid' nie. Elke kerk historikus is bekend daarmee dat die Godheid van Jesus Christus bevraagteken was, soos Athanasius duidelik in teenstelling met Arius verdedig het. Die 'Drie-eenheids formulier' is 'n intellektuele produk en gebaseer op 'n totale misverstand. Nie net word die woorde van die profete en apostels verontagsaam nie, maar ook die woorde van die manne van God uit die direkte post-apostoliese tydperk. Die leer van die 'Drie-eenheid' kom uit 'n era van filosofiese en teologiese denke. Die mens probeer sy eie gedagtes gebied: "Jy moet drie persone sien as een God!" Maar hulle sien nie een nie, hulle sien drie, en so het monoteïsme plek gemaak vir "triunisme", oftewel 'n drie-enigheid.

Die verlossings-perspektief, dat die een God wat neergedaal het en as die Woord – die Logos – werksaam was (Joh. 1:1), wat toe in vleesvorm bekend geword het, het verlore geraak. God het deur die profete gespreek, maar in die Seun was nie net profesieë nie; in Hom was die vervulling daarvan. Wie baat by spekulatiewe skyn-kennis? Dit gaan oor die grootste en mees heilige openbaring. Die Een wie ewig is het die tydige betree, en so het die Woord vlees geword en onder ons gewoon (Joh. 1:14). Dít was die lig; 'n nuwe dag het aangebreek – die

dag van heil (Jes. 49:8; 2Kor. 6:2). Die Son van Geregtigheid het opgekom; nuwe, gees-bereide lewe het na vore gekom. Dit was 'n goddelike ingryping in die mens se geskiedenis. In beginsel is ons besig met Sy eenheid in wese én die openbaring van God. Slegs indien dit waar is dat God self in Christus was, is dit waar dat Hy ons met Homself versoen (2Kor. 5:19).

Een historikus skryf oor die kerk-leraar Athanasius, wie verwys het na Irenaeus: "Die deurslaggewende faktor is die gedagte van Athanasius, dat God Homself aan ons verskyn het in Jesus. God het Homself aan ons bekend gemaak en ons bevry; in Hom het ons die Vader self". Een aanhaling van Luther is: "Die Verlosser moet God self wees, want deur geen ander middel kon ons gered word van ons afgryslike sondeval en die ewige dood tot geregtigheid en die ewige lewe nie. Dít kon 'n engel of enige ander wese nie doen nie, net God self”. Die totaal onbybelse ‘Drie-eenheid’ lering is vir die Jode en Moslems die grootste struikelblok. In plaas daarvan dat die Vader, Seun en Heilige Gees agtereenvolgend gesien word, word hulle langs mekaar geplaas.

Elke Godvresende mens verstaan dat die Ou en Nuwe Testamente ten volle moet ooreenstem en dat dit nie mekaar kan weerspreek nie. Profesie en vervulling moet konsekwent wees en dit ís ook so. Beide die Ou en Nuwe Testament getuig van die feit dat Hy wat die vorm van God het, in Sy volheid in menslike wese gekom het.

Volgens Génesis 1: 26-28 is Adam geskep na God se beeld, dit is, in die geestelike liggaam. Eers later, in Génesis 2:7, het die HERE God die mens geskape in die aardse vlees-liggaam. Toe neem Hy Eva uit Adam uit. Die mens het in hierdie liggaam van vlees geval, gevolglik moes God in 'n liggaam van vlees tot hul redding kom. Christus was die tweede Adam; op Golgota is Sy sy oopgemaak en deur die verlossingsdaad is Sy bruid vanuit Hom geneem. Sy is vlees van Sy vlees... (Efé. 5:30). Die mens moes vergoddelik word, so het God mens geword in die vlees, maar die gees bly God. Net hy self kon die mense na hul goddelike status terugbring.

Die Nuwe Testament sowel as die Oue getuig albei dat daar net een God is: *“En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die HERE, onse God, is ‘n enige HERE; en jy moet die HERE jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag”* (Mark. 12: 29-30). Romeine 3:30 sê: *“aangesien dit inderdaad een God is wat die besnedenes sal regverdig uit die geloof en*

*die onbesnedenes deur die geloof."* In die brief van Judas, sê die apostel dit: *"... aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid!"* (vers 25).

Voordat ons die verskillende manifestasies van ons HERE behandel, moet ons weereens Sy godheid beklemtoon, ook vanuit die perspektief van die Nuwe Testament. Romeine 9: 4-5 getuig dat die Messias God is: *"Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes; aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees – Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen".* Die apostel Johannes druk dit só uit: *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe"* (1Joh. 5:20).

Paulus lê 'n oorweldigende getuienis af met die woorde: *"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid"* (1Tim. 3:16). Die gesamentlike getuienis van die profete en apostels kan nie oor die hoof gesien word nie. Aan die Kolossense skryf Paulus: *"dat hulle harte vertroos mag word, deurdat hulle saamgevoeg word in die liefde en tot alle rykdom van die volle versekerdheid van insig, om die verborgenheid te leer ken van God en die Vader en van Christus"* (hoofstuk 2:2). Die goddelikheid van Jesus Christus is die fondament van ons geloof en die absolute vereiste vir ons redding.

## Die Skepper

Terme wat gebruik word in die Ou Testament vir God, word toegepas in die Nuwe Testament op die HERE: Verlosser, Koning, Herder, ens. Dit is selfs gekoppel aan die skepping. In Johannes 1:10 lees ons: *"... en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie."* Kolossense 1 :16-17 sê, *"... want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte — alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."* Uit hierdie aanhalings is dit duidelik dat hierdie gedeeltes na Jesus Christus verwys.

In 1Korinthiërs 8:6 staan: *"tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een HERE Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom"*. In hierdie vers word na die Seun verwys vir wie Hy is, naamlik as die HERE.

Deur God, die Vader, het alle dinge ontstaan en so ook deur Jesus Christus. Deur wie het dit nou eintlik ontstaan? Het ons twee Skeppers? Beslis nie; daar is net een Skepper, God, wie Homself as Vader in die Seun geopenbaar het en die Seun is die HERE, en dus dieselfde God.

In die profetiese boek van die Nuwe Testament, is Hy weer die HERE God: *"U is waardig, o HERE* (oorspronklik: *"onse HERE en God"*)*, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape"* (Openb. 4:11)

## Die "EK IS"

In Johannes 8:24 staan: *"Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul sondes sal sterwe; want as julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe"*. Die term "EK IS", vanuit die dae van Moses het 'n spesiale betekenis: "*Hierop het Moses tot God gespreek: Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam? –wat moet ek hulle antwoord? En God sê vir Moses: EK IS die EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: EK IS het my na julle gestuur"* (Exo. 3: 13-14).

Herhaaldelik het onse HERE hierdie woorde vanuit die Ou Testament in die Nuwe gebruik: *" EK IS die Weg, die Waarheid en die Lewe." "EK IS die opstanding." "EK IS die brood van die lewe." "EK IS die lig van die wêreld"*, ens. Weer en weer kom ons dieselfde verklaring teë. In Johannes 8:57 staan: *"Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien? Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, IS EK".* Die "*EK IS*" het as Jahweh met Abraham gepraat.

In Jesaja 44:6b sê die HERE: "*EK IS die Eerste, EK IS die Laaste, en buiten My is daar geen God nie*". Ons vind in Jesaja 48:12 'n soortgelyke woord: *"…EK IS die Eerste, ook IS EK die Laaste."* Dieselfde verklaring is ook in die Nuwe Testament: "*Moenie vrees nie; EK IS die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid…"* (Openb. 1: 17-18). Dit is duidelik van wie hier gepraat word.

Die HERE sê in die Ou Testament: *"EK IS die eerste en die laaste ..."*; Jesus sê in die Nuwe Testament: *"EK IS die eerste en die laaste ...".* Besonders belangrik is Sy eie getuienis in Openbaring 1:8 (soos in die oorspronklike skrywe), waar Hy weer die HERE God is: *"EK IS die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE (God), wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"*. Dit is tog wonderlik, om die redenasie van die Woord te volg. Jahweh van die Ou Testament is Jesus van die Nuwe Testament, en Hy bly altyd dieselfde. Salig is hy wat glo soos die Skrif sê. God het geen voorneme gehad om 'n nuwe Bybel te skryf nie. Hy sou vandag sê wat hy in alle ewigheid gesê het; Hy hoef niks te korregeer nie.

## Die Koning

Hoe dikwels na die HERE God in die Ou Testament verwys word as "Koning", is nie van gewyde lesers van die Bybel versteek nie. David roep uit: "*Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek"* (Ps. 5:3). Die profeet Jeremia sê: "*Maar die HERE is waarlik God, Hy is die lewende God en 'n ewige Koning*" (hoofstuk 10:10). Die profeet Jesaja druk dit uit met die volgende woorde: "*So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare"* (hoofstuk 44:6). Sagaria 9:9 sê: "*Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."*

Dit is 'n profetiese belofte wat letterlik vervul word in die Nuwe Testament. Vir hierdie doel, staan in Matthéüs 21: 1-4: *"En toe hulle naby Jerusalem gekom en Bétfagé aan die Olyfberg bereik het, stuur Jesus twee dissipels uit en sê vir hulle: Gaan na daardie dorp reg voor julle, en dadelik sal julle 'n eselin vind wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My. En as iemand vir julle iets sê, moet julle antwoord: Die HERE het hulle nodig; en dadelik sal hy hulle stuur. En dit het alles gebeur, sodat vervul sou word die woord wat deur die profeet gespreek is"*. Die skare was buite hulself, gooi hulle klere op die pad, skeur takke van die bome en versier die pad, sodat die Koning sy weg kan vind in Jerusalem. Hulle skree toe: *"Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die HERE! Hosanna in die hoogste hemele!"* (v. 9)

Toe die Verlosser gebore word, kom daar wyse manne uit die Ooste na Jerusalem en vra: *"Waar is die Koning van die Jode, wat gebore is? Want ons het sy ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys"* (Matt. 2:2). Nadat Hy gevange geneem was, word onse HERE gevra: *"Is U die Koning van die Jode?"* Aan die einde van die ondervraging, kom Pilatus tot die slotsom: *"Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem"* (Joh. 18: 33-37).

Net soos die HERE God *Koning* in die Ou Testament genoem word, word ook Jesus Christus in die Nuwe Testament beskryf as *Koning*. Paulus som dit só op: *"Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen"* (1Tim. 1:17). O, die diepte van die wysheid en kennis van God! Slegs deur openbaring kan ons die menigvuldigheid van God sien. Slegs diegene wat bybels glo, dat God Homself geopenbaar het in Christus, kan al die Skrifgedeeltes bring na 'n gemene deler.

Die oprigting van die koninkryk lê nog voor ons, maar ook is hierdie gebeurtenis reeds voorspel in die profetiese Woord: *"Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing! Want God is Koning van die hele aarde; psalmsing met 'n onderwysing. God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon"* (Ps. 47: 7-9). Net so staan in Psalm 96:9: *"Aanbid die HERE in heilige gewaad; beef voor sy aangesig, o ganse aarde! Sê onder die volke: Die HERE is Koning! Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie. Hy sal die volke regverdig oordeel. Laat die hemele bly wees en die aarde juig".*

Openbaring 11:17 staan in dieselfde konteks: *"Ons dank U, HERE God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het".* In Matthéüs 25: 31-32 staan: *"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word…"*. Sagaria 14:9 sê: *"En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een"*. In dieselfde konteks behoort Openbaring 15:3: *"Groot en wonderlik is u werke, HERE God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!".* Hierdie skrif-gedeeltes behoort voldoende te wees om ons te wys dat God die HERE en die HERE Jesus Christus eweneens beskryf word as Koning. Was dit nie so

nie, dat Yahweh en Yahshua dieselfde is nie, dan sal ons met twee verskillende konings te doen gehad het.

## Die Regter

Baie skrifte getuig dat God ook Regter is. Psalm 7:12 sê: "*God is 'n regverdige regter*" In Psalm 50:6 sê dit: "*want God staan gereed om te oordeel*", in Psalm 58:12: "*...daar is 'n God wat op die aarde oordeel*". Die woord in Jesaja 33:22 is besonders onthullend: "*Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos*". Dieselfde een wat die wet verlos het, gaan volgens Sy Wet oordeel. Jakobus spreek dieselfde uit in die Nuwe Testament: *"Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf."* (hoofstuk 4:12). Deur die profeet Jeremia praat die HERE ook as Regter: *"Maar, O HERE van die leërskare, regverdige Regter..."* (hoofstuk 11:20). Aan die einde van sy lewe kon Paulus sê: *"Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die HERE, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee"* (2Tim. 4:8). Johannes 5:22 sê: "*Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee*"

In Handelinge 10 lê Petrus kortliks aan hoofman Cornelius en sy huis die plan van verlossing uit, dat Jesus die goddelik-aangestelde regter van die lewende en die dode is (vers 42). Hebreërs 12:23 sê: *"... en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is, en by God, die Regter van almal".* Ook hier kan 'n mens vra: Wie is nou die Regter? Is dit God of die HERE Jesus? Sekerlik sal daar net een regter wees, naamlik, die Wetgewer. Of Hy na verwys word as God of Vader, as HERE of Seun, het dit tog gelyk; daar is steeds Een. Die vergelykings kan nog aangaan.

## Die Onderbreking

Ongelukkig het die mensdom nie in sy geheel verstaan, wat God wil hê en hoe Hy Sy plan sou uitvoer nie. God se doel is om vir ewig seuns en dogters te hê wat in gemeenskap met Hom lewe. Dit was die bekroning van die Skeppingswerk. Tot hierdie hoë roeping is die mens geskape na Sy beeld; aan wie die verantwoordelikheid – die oppergesag oor die hele aarde – oorgedra was.

Die mens is nie geskape om 'n masjien te wees nie, maar is toegerus met 'n vrye wil met die vermoë om lief te hê, om uit te vind, om aan te

beveel, besluite te neem, ens. Maar daarby moes die gehoorsaamheidsbeginsel geld, dit is, mens moes sy mag uitoefen in afhanklikheid van die almagtige God. Die HERE het vir die mens 'n maklike bevel gegee om te hou waardeur hy op die proef gestel was of hy in staat was om vrylik besluite te kan neem (Génesis 2: 15-17).

Niks sou meer denkbaar gewees het as die gehoorsaming van die gebod; wat ‘n eresaak sou dit nie wees nie! Maar die mens verseg en maak homself los van God’s Woord en verloor só sy afhanklikheid van God. So vernietig hy dan ook die volkome harmonie tussen hom en die Skepper van wie af hy toe geskei was.

Hoe lank die mens se harmonieuse gemeenskap met God die HERE was, word nie genoem nie. Dit was wel die geval dat voor die sondeval geen hartseer, geen trane, geen pyn, geen siekte en geen dood geken was nie. Omdat ons bestem was om sonder al hierdie meegaande verskynsels te lewe, smag ons om terug te keer na daardie oorspronklike toestand.

Eerstens, het 'n prins in opstand teen God gekom en is dus neergewerp uit die hemel (Jes. 14: 12-15). Volgens Eségiël 28:13 bevind hy homself toe in Eden, die tuin van God. Na hy van God geskei was, het hy ook probeer om die mensdom sover te kry om te skei van God af.

Omdat Satan, as geestelike wese, mense wat in die vlees was, nie kon verlei nie, het hy toe die slang bemagtig. Hy word in byna alle tale as manlik aangespreek en by dié tyd was hy nog ‘n regop wese; eers na die vloek het dit 'n reptiel geword, soos ons lees in Génesis 3:1-4. In dieselfde hoofstuk lees ons hoe hy eers Eva betrek het in 'n lang gesprek. Met die woorde: *“Is dit ook so dat God gesê het ..."* veroorsaak die slang dat daar twyfel in Eva opkom oor die Woord van God. Daarbenewens was daar die redenasies: die “lus vir die oë", die smag na "kennis", na "verstand" en om "soos God (te) wees", ens.

God het Adam gewaarsku: *"...want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe"* (Gen. 2:17). Daarteenoor het Satan, deur die slang, aan Eva gesê: *"Julle sal gewis nie sterwe nie"* (Gen. 3:4). So het hy uiteindelik daarin geslaag om Eva te boei en te verlei, wie op haar beurt Adam daarin betrek, en so was die gemeenskap tussen God en die mens vernietig.

Sedertdien lê die hele wêreld in boosheid en is onder die invloed van die bose met elke persoon wat in hierdie wêreld gebore word, 'n kind van die dood.

So kon die mens nie vir ewig in sy sonde lewe nie; hy kon nie eet van die boom van die lewe na die oortreding nie. Daarom het God hom uit die paradys verdryf. Eers moes 'n versoening plaasvind en toe dit gebeur, sê die HERE aan die dief die woorde: *"Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"* (Luk. 23:43).

Alle menslike wesens gebore in hierdie wêreld, is van God geskei. Elkeen van ons is en reageer soos Adam en Eva. Maar ons is almal skuldig voor God en benodig verlossing. Godsdienstige handelinge wat gedoen word uit vrees vir God se straf, het net so min effek soos die kleed van vyeblare gehad het. Net soos die HERE die eerste mense aangetref het nadat hulle Sy woord oortree het, so staan almal nog steeds voor Hom.

In die eerste twee millennia was daar 'n paar enkelinge soos Henog, Noag en Abraham, aan wie God Homself geopenbaar het. Die mensdom het op enige manier en verskillende gode aanbid. Vir 'n tydperk was Moses deur God gekies om die volk van Israel te lei. Toe die gebooie gegee word, word hulle gelas om verskillende offers te bring. Hierdie slagoffers kon nie 'n finale versoening bring nie; dit kon slegs die oortredinge bedek. Dit was 'n verwysing na die offerlam van God wat sou sterf vir die sondes van die wêreld en die skeidsmuur tussen God en die mens sou wegneem. Die wet was nodig, want slegs daardeur kon die besef kom van die sonde (Rom. 3:20). Die Gees van God oortuig ons as gevolg van al die wette, ingesluit die tien gebooie, wat nie gehou kon word nie, maar oortree was. So alleen erken ons ons skuldigheid en die noodwendigheid van verlossing.

## Die Brug

Die tydelike onderbreking, te wyte aan menslike foutering en ongehoorsaamheid, kan nie die ewige plan van God met die mensdom fnuik nie. Deur die oortreding het die mens weggebreek van God en word toe "God-loos". Maar Hy het gesê: *"Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe"* (Esé. 33:11). Omdat die mens bestem is om te leef en in gemeenskap met God te wees, het die HERE 'n weg gemaak om ons te

red van die dood en terug te bring tot die ewige lewe. Aangesien van ons kant af daar geen manier was om terug te kon keer na God, moes hy Homself kom om ons na Hom te neem. Daarom word gevind in Jesaja 40:3: *"'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God!"* In vers 9 en 10 lees ons: *"… hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God! Kyk die HERE kom as 'n Sterke, en Sy arm sal heers…"*

In Jesaja 52:10 sê dit: *"Die HERE het sy heilige arm ontbloot voor die oë van al die nasies, en al die eindes van die aarde sal sien die heil van onse God."* In hoofstuk 35:4 sê dit: *"Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom … Hy self sal kom en julle verlos."*

As Gees kon God nie die dood smaak nie, daarom moes Hy kom in 'n vleeslike liggaam. Slegs op hierdie manier was dit moontlik om ons te verlos van hierdie liggaam van die dood, om die ware gelowiges ná die opstanding na die oorspronklike goddelike staat terug te herstel.

## Goddelike Skepping

God het toe 'n nuwe skepping begin deur verwekking. Die begin van die mensdom was deur die skepping. 'n Vader-seun verhouding tussen God en die mens moes gemaak word. Hy kon dit nie doen deur Abraham, Moses of deur enige van die ander profete nie, wie almal gebore is deur natuurlike voortplanting in hierdie wêreld en was dus deel van die gevalle skepping. Deur 'n bonatuurlike voortplanting begin God toe 'n nuwe skepping: dit wat gebeur het in die eniggebore Seun.

God het die kiem van die lewe in die maagd Maria geplaas. Sy haarself was net die draer van die kind. Maria het gesê: *"Hier is die diensmaagd van die HERE. Laat dit met my gaan volgens u woord"* (Luk. 1:38). Van 'n "Moeder van God" weet God niks van nie, ook nie die profete en apostels nie. Jesus het Maria self nooit "moeder" genoem nie, maar slegs "vrou".

Jesus was die eersgeborene onder baie broeders (Rom. 8:29). Adam was die geskapene; Christus, die verwekte Seun van God. Slegs deur Hom kan ons geestelik verwek en wedergebore word en dus 'n goddelike geslag word. Dit is geskryf: *"Want ons is ook Sy geslag. As ons dan*

*die geslag van God is..."* (Hand 17: 28-29). In Openbaring 3:14 sê dit: *"Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God"*. Dit gaan hier nie om die skepping van die heelal nie, maar om Christus, die oorsprong, die begin van die nuwe skepping van God deur verwekking. Al die seuns en dogters van God moet ook gebore word uit die Woord en Gees. Die HERE het dit onomwonde gesê: *"as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie"* (Joh. 3:3). Godsdienstige handelinge lei glad nie tot 'n Heilige Gees geboorte nie. Dit vereis eers die goddelike saad van die woord, wat in ons siele geplaas moet word. Sonder saad kan geen aardse lewe, nog minder geestelike lewe voortkom nie.

In Johannes 10 beskuldig die Jode die HERE van godslastering en sê: *"omdat U wat 'n mens is, Uself God maak"*(vers 33). Daarop antwoord Jesus: *"Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit húlle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie, sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik—omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?"* (34-36). In die Ou Testament was dit die profete tot wie die Woord gekom het. Omdat die Woord van God na hulle gekom het, was hulle gode genoem (Ps. 82:6). Slegs die goddelike kan uitgaan van God. Daarom is die Woord wat spruit uit God, die goddelike saad (Luk. 8), waardeur ons God se kinders word. *"Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees."* (Jak. 1:18).

Gedurende die vier duisend jaar van Ou Testament was daar geen profeet wat God as "Vader in die hemel" aangespreek het nie. Net so is daar nie 'n enkele een wat berig het van 'n Seun van God nie. Selfs 'n gesprek tussen Vader en Seun in die hemel hoor ons niks van nie. Dit, moet ons weet, is baie belangrik. Die oorgang van die Ou na die Nuwe Testament was nodig vir verlossing. Dieselfde Een wie in die Ou Testament die HERE – Jahweh was, was die HERE in die Nuwe Testament, die Seun – die HERE Jesus. Die onsigbare God – Elohim – was as die HERE in sigbare vorm bekend gemaak. Dieselfde God het Homself as Vader in die Seun geopenbaar in 'n sigbare, menslike vorm. Die naam Jesus – Yahshua – beteken *Jahweh-Verlosser*.

Elke naam en elke openbaring van God moet gesien word en gehou word in die besondere konteks waarin hulle behoort. Daar waar "Vader" genoem word, kan jy nie vervang met "Seun" nie; waar gepraat word van die "Seun", kan jy nie die benaming "Vader" gebruik

nie. Daar is net een God wat Homself openbaar as Vader in die hemel en op die aarde in die Seun. As 'n vader, was Hy nooit gebore nie en het Hy ook nie gesterwe nie. As Seun is Hy verwek, gebore, het Hy gely, gesterwe en opgestaan .

Dit gaan oor ons. Ons is ingesluit in die plan van God. *"En God het die HERE opgewek en sal ook ons opwek deur sy krag"* (1Kor. 6:14 - oorspronklik). *“Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding”* (Rom. 6: 4+5). So sekerlik soos God Homself in Christus geopenbaar het, so seker openbaar Christus Homself in die gelowiges.

Daar moet in gedagte gehou word dat nie eens eenmaal die aanwysing "ewige Seun" of "hemelse Seun" gevind kan word in die Bybel nie, maar eerder die "ewige God" en "hemelse Vader". Jy kan nie sê: Wie Elohim gesien het, het Jahweh gesien nie. Maar, diegene wie die HERE gesien het, kon uitroep: "Ek het God gesien". Selfs die vader kon nie sê: "Hy wie My sien, sien die Seun." Maar die seun kon sê: “*Hy wat My gesien het, het die Vader gesien”* (Joh. 14:9). In Lukas 10:22 staan: *"... en niemand weet wie die Seun is nie, behalwe die Vader, en wie die Vader is nie, behalwe die Seun en hy aan wie die Seun dit wil openbaar.*”

Selfs voor die grondlegging van die wêreld was die heerlikheid van God gereed om verheerlik te word met Christus (Joh. 17:5). Sy eie (Openb. 13:8), was ook voor die grondlegging van die wêreld in hom verkies en hul name geskryf in die boek van die Lam van die lewe (Efé. 1: 4-5). Daar is 'n Goddelike uitverkiesing, wat verwys na Christus en Sy Bruid Gemeente. Deur Sy voorkennis het God Sy plan van ewigheid af, voor die begin van tyd, vasgestel om ons te vergewe (2 Tim. 1:9). Ons was deel van daardie plan.

Die bewoording "God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees", wat oral gebruik word in die Christendom vandag, kom nêrens voor in die Bybel nie: In die Nuwe Testament word God aangespreek as onse Vader; nooit as: "God die Seun", maar wel as "die Seun van God" of "die Seun van die Allerhoogste". Dieselfde geld vir die Heilige Gees. Dit is nie geskryf: "God die Heilige Gees” het oor die waters gesweef nie, maar "die Gees van God" (Gen. 1:2). Dit was nie “God die Heilige Gees”, wat by die doop van die Messias neergedaal het nie, maar “die Gees van God” (Matt. 3:16). Dit was nie “God die Heilige Gees” wat Maria oorskadu het nie, maar soos geskrywe is: *“Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu.*

*Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word"* (Luk. 1:35). Sou die Heilige Gees in homself 'n selfstandige persoon was, dan sou die kind moes die "Seun van die Heilige Gees" genoem word, want regenerasie gebeur deur die Gees. Die Heilige Gees is die Gees van God.

In Joël 2:28 sê God: *"En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees ..."* Die vervulling van hierdie belofte word vir ons in Handelinge 2 beskryf. God het nie 'n ander Persoon uitgestort nie, maar Sy Gees. Jesus het Sy volgelinge die belofte van die Vader gegee (Hand. 1:43). Hy het by dit gesê dat Hy die Heilige Gees sal stuur (Joh. 16:7) en dat Hy sal kom (Joh. 14:18). Deur die Gees kom Hy op Pinksterdag en maak Sy woning in die gelowiges. So is Christus in ons as die hoop van die heerlikheid (Kol. 1:27). Petrus lê dit uit in sy eerste preek: *"Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor"* (Hand. 2:33). Johannes die Doper het toe alreeds aangekondig: *"... Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur"* (Matt. 3:11). Dit is suiwer apostoliese lering. In Christus, was God mét ons; deur die Heilige Gees woon Hy ín ons. In Johannes 4:24, het die HERE gesê: "God is Gees..." In 2Korinthiërs 3:17 skryf Paulus: *"Die HERE is die Gees ...".* Of dit geskrywe is "die Gees van God", "die Gees van die HERE" of "die Heilige Gees" – is dit steeds dieselfde gees.

Nie die Seun nie, ook nie die Gees bestaan op hul eie nie. In die Seun het God met ons in verbinding getree; deur die Heilige Gees, is ons in verbinding met Hom. Die Seun sê: *"Ek het van die Vader uitgegaan..."* (Joh. 16:28); so ook het die Gees *"... die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan..."* (Joh. 15:26).

## Die Seunskap

Psalm 2:7 lees: *"Ek wil vertel van die besluit: Die HERE het aan my gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer".* Die woord "vandag" is 'n tydelike begrip; dit verwys nie na die ewigheid nie, want ewigheid het geen gister, vandag en geen môre nie. In die Ou Testament word die raadsbesluite van God as 'n toekomstige profetiese konsep neergelê, waarvan die vervulling in die Nuwe Testament geskied.

Psalm 2:8 sê verder: *"Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel en die eindes van die aarde as u besitting".* Hierdie twee verse gaan oor

die erfenis van die Seun en die feit dat in hom al die nasies gegee is as 'n erfenis. Geen mens word gered omdat hy glo dat daar een God is nie – die duiwel glo ook so (Jak. 2:19). Saligmakende geloof is dat die een ware God ons in Sy Seun verlos het. Daarom is dit geskrywe: *"Glo in die HERE Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin"* (Hand. 16:31).

In Psalm 2:12 word hierdie feit goddelik verlig: *"Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!"* Ons kan nie verby hierdie woord kom nie. Baie praat van God en die liefde van ons Hemelse Vader, maar erken nie dat die Vader hier op aarde geopenbaar is in die Seun as Verlosser nie. Die enigste geldige en saligmakende geloof in God is geloof in Jesus Christus, want in Hom alleen kan God die mensdom tegemoet kom. Slegs in Hom kan ons God ontmoet en verlossing vind. Ons moet in Hom glo op die wyse en die manier wat Hy aan alle mense heilbringend en saligmakend verskyn het (Tit. 2: 11-14).

Ter wille van ons het Hy 'n Vader-Seun verhouding opgerig, sodat ons seuns en dogters van God kan word. In 2 Sam. 7:14 is die profetiese aankondiging: *"Ek sal vir hom ‘n vader wees, en hy sal vir My ‘n seun wees".* Maar verder dan word die brug vanaf die Seun na die kinders van God oorgesteek, soos ons lees in Hosea 1:10b: *"...sal aan hulle gesê word: julle is die kinders van die lewende God".* Paulus som dit op in 2Korinthiërs 6:17-18: *"...sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem en Ek sal vir julle ‘n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige".* In Efésiërs. 1:5 gee die apostel die doel duidelik: *"... deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil".* Daar is mense op aarde, wat in die plan en wil van God pas. Hulle is in Christus en God se plesier rus op hulle.

In Psalm 89: 27-28 word met die oog op die Seun van God gesê: *“Hy is dit wat My sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil! Ja, Ék sal hom ‘n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde".* In sy liggaam van vlees ly en sterwe die Seun van God namens al die seuns en dogters van God. Deur Sy opstanding word Sy liggaam uit die sterflike in die onsterflike verander. Daarin lê ook onse verandering en regverdiging.

Dit gaan hier nie om 'n leerstelling of kennis nie, maar om die verwesenliking van die Goddelike verlossingsplan wat mensekinders God se kinders maak. In Psalm 68: 20-21 sê dit: *"Geloofd sy die HERE! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil! Sela. God is vir ons 'n God van verlossinge, en die HERE Here het uitkomste teen die dood".* Daar was niemand wat die mag oor die dood gehad het nie; in teendeel, die dood oefen sy mag oor elke mens uit. Daarvoor is die baie begraafplase die beste bewys wat ons in die gesig staar. Maar so sê die HERE: *"Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf?*" (Hos. 13:14). In Sagaría 9:11 word die manier aangekondig waarop redding en selfs die bevryding van die Ou Testamentiese heiliges moet plaasvind uit die doderyk: *"Ook sal Ek, wat jou betref, o Sion, kragtens die bloed van jou verbond jou gevangenes loslaat uit die put sonder water*".

Die nuwe verbond is reeds in die Ou Testament belowe. Jeremia skryf, byvoorbeeld, in hoofstuk 31: 31-34: *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE. Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie".*

Dit het gebeur toe ons HERE gesterf het en daardeur die nuwe verbond voltrek is. Hy getuig dit in Matthéüs 26:28 met die woorde: *"Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament".* In Matthéüs 27: 45-54 en ook in die ander evangelies word hierdie geweldige gebeurtenis beskryf. Deur Sy dood het Hy die duiwel en die hel oorwin en deur Sy opstanding het Hy na vore gekom as die wenner. Petrus som die werk van verlossing op met die volgende woorde: *"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees"* (1Pet. 3:18). Hy het diegene wat aan die dode prys gegee is, bevry en die wie na die hel neergedaal het, losgekoop,

soos geskrywe is: *"Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het—dit is die duiwel—en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was"* (Heb. 2:14-15).

Na 'n volbragte verlossingswerk het Hy weer opgestaan op die derde dag, en gaan veertig dae later hemelwaarts. Die ooreenstemmende gedeeltes in die Nuwe Testament is algemeen bekend. Ook hierdie heilsgeskiedkundige geleentheid is aangekondig in die Ou Testament, byvoorbeeld, in Psalm 68:19, wat sê: *"U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense."* In Psalm 47:6 lees ons die volgende: *"God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank."* Efésiërs 4:10 gee ons inligting oor wie dit was wat gesterf het, begrawe is, na die hel neergedaal het, seëvierend opgestaan het en opgevaar het na die hemel: *"Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring".*

Met die getuienis van die apostel Paulus, wil ons hierdie hoofstuk afsluit: *"Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Céfas verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels; en laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene"* (1Kor. 15:3-8).

## Die menslikheid van Jesus Christus

Nou sal ons ons bemoei met die area van Christus se menslikheid, soos Hy langs God verskyn, as Seun van God, Seun van die mens, as Seun van Dawid, as die Lam van God, as Middelaar en Advokaat, as Profeet, ens. Van Hom is geskrywe: *"... maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis"* (Fil. 2: 7-8). Die Koning van die konings was in hierdie wêreld gebore, toegedraai in doeke en het in 'n krip gelê (Luk. 2:7). Vanaf vers 21 lees ons: *"En toe agt dae vervul was, dat hulle die Kindjie sou besny, het*

*hulle Hom Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is". "...en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos"* (Matt. 1:21). Die kind was toegewy aan die HERE God: *"... soos geskrywe is in die wet van die HERE: Elke manlike kind wat die moederskoot open, sal heilig vir die HERE genoem word"* (Luk. 2:23).

Die tweede hoofstuk van die evangelie volgens Lukas gee die mense wat probeer om die goddelike verborgenheid met die gedagtes te peil, 'n onoplosbare en ondenkbare probleem. Aan die een kant staan daar: *"dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die HERE, is"* (vers 11); aan die ander kant is dit gesê dat hierdie kind, wat Christus die HERE was, tot die HERE in Jerusalem as die Eersgeborene toegewy moes word. Daarom het ons reeds bewys dat *Jahweh* die HERE in die geestelikheid is en *Yahshua* die HERE is wat in die vlees geopenbaar is. So word Yahshua daargestel as God die HERE. Die volledige menslikheid van die Verlosser was 'n voorvereiste om in staat te wees om te ly en te sterf, soos Sy volledige godheid nodig was om die dood en die duiwel te oorwin. In Sy menslikheid het Hy geëet en gedrink, was Hy moeg en het aan die slaap geraak, gebid en was in gestalte gelyk aan andere. *"...Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word ..."* (Heb. 2:17). Oral waar Sy menslikheid gemanifesteer was, sien ons dit in 'n verhouding met ons langs God.

Jesus Christus, die Seun van God was uit God gebore deur die Heilige Gees. Daarom was Sy bloed, Sy gedagtes, Sy hele lewe heeltemal heilig en sondeloos. Op Hom het die dood, die hel en Satan geen reg gehad nie. In die vier Evangelies word die Messias vanaf Sy geboorte tot met Sy hemelvaart, in Sy menslikheid vir ons beskrywe. In Lukas 3:21 lees ons: *"En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae"*.

Hier gaan dit nie net daarom om een aspek te weergee nie, maar ook om die feit dat ons as seuns en dogters van God dieselfde dinge ervaar. Wie Bybels gelowig geword het moet ook in gehoorsaamheid aan God se Woord bybels gedoop word. Soos die hemel destyds oor die Seun van God geopen het, staan elke seun en dogter van God onder die geopende hemel en kom die Heilige Gees oor hulle soos in die begin. Elkeen moet dit persoonlik ervaar, en dus 'n getuienis wees om deur God aangeneem te word. Dit vereis hier die bonatuurlike

bevestiging om seker te wees dat God se welbehae op ons rus as Sy seuns en dogters.

## Die Kneg

In sy nederigheid was Christus as 'n kneg van die HERE beskryf. Hy het gekom om die perfekte wil van God te doen. In Jesaja 42:1 lees ons: *"Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring".* Die Gees van God het op Christus gekom omdat Hy God welgevallig was. Daarna het Hy Sy bediening begin. In Lukas 4 gebruik die HERE die stelling van die profeet Jesaja, in hoofstuk 61: 1-2: *"Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE".* Jesaja 42:6 lees: *"Ek, die HERE, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies, om blinde oë te open; om gevangenes uit die kerker uit te lei, uit die gevangenis diegene wat in die duisternis sit*". Die vervulling hiervan kan elkeen in Matthéüs 12: 15-21 lees. Selfs vandag nog is van toepassing, wat gesê was in daardie tyd: *"'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring. En op sy Naam sal die heidene hoop".*

In Jesaja 52:13 tot 53:12 word die Verlosser in 'n kneg-gestalte vooraf beskrywe, op Sy weg vanaf Getsemane na Golgota: *"... Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie..."* Die volgende verse bevat die kern van die verlossingsdaad: *"Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom".* Ook Psalm 129:3 is 'n profetiese aanduiding van Sy lyding: *"Ploeërs het op my rug geploeg; hulle het hul vore lank*

*getrek."* In Jesaja 50:6 lees ons: *"Ek het my rug gegee vir die wat slaan, en my wange vir die wat die hare uitpluk; my aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie".*

In die vorm van 'n slaaf was die Messias vir ons verneder op 'n onverstaanbare manier en behandel soos 'n misdadiger. Markus 14:65 berig: *"En sommige het begin om op Hom te spuug en sy aangesig toe te maak en Hom met die vuis te slaan en vir Hom te sê: Profeteer! En die dienaars het Hom met stokke geslaan."* Hoofstuk 15 gaan oor Sy geseling, van die doringkroon wat op Hom gesit was, en die bespotting wat Hy moes verduur. In vers 28 word dan die verduideliking aan ons gegee: *"En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken"* (Jes. 53:12).

Daar is ook die verduideliking hoekom ons Verlosser al hierdie dinge oor hom laat kom het. In vers 11 lees ons: *"Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur Sy kennis sal My Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra."* Ons was die skuldiges wat die dood verdien het, maar Hy het ons plek ingeneem. So was ons deur God verlos. Toe Hy aan die kruis gehang het, het Hy in ons plek uitgeroep: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"*. In Psalm 22 het Dawid deur die Gees hierdie profetiese woorde ge-uiter: *"My God, my God, waarom het U my verlaat..."* (vers 2); *"Almal wat my sien, spot met my"* (vers 8); *“Want honde het my omsingel; ‘n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete deurgrawe. Al my beendere kan ek tel; húlle kyk, hulle sien met welgevalle op my neer! Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad"* (verse 17-19).

Dink net hoe akkuraat die meer as 'n honderd profetiese uitsprake van die Ou Testament in die Messias vervul was! Deur Sy lyding en dood het Hy ons verlos en die vyandskap wat tussen ons en God was, heeltemal weggeneem. So word ons verander na nuwe mense deur die Vredemaker (Efé. 2: 13-17).

As Kneg het Hy geweier om aangespreek te word as "goeie Meester". Hy het aan die owerste gesê: *"Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik God"* (Luk. 18: 18-19). Hy het letterlik gesê: *“Eer neem Ek van die mense nie aan nie... Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie?"* (Joh. 5: 41+44). Hy het gekom om die wil van God te doen, daarom het hy gesê: *"En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader*

*het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is"* (Joh. 8:29). Soos 'n Kneg het Hy gekom om te dien, daarom het hy gesê: *"... net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie"* (Matt. 20:28).

Die vroeë Gemeente het die term "Kneg" selfs in hul gebede gebruik: *"Want waarlik, Herodes en Pontius Pilatus het saam met heidene en die volke van Israel vergader teen u heilige Kneg Jesus wat U gesalf het"* (Hand. 4:27 – oorspronklik). Onder die leiding van die Heilige Gees het mense altyd die waarheid gesê, gebid, geskryf en gedoen. Die gedagte mag in teenstelling wees met baie, maar elke woord van God moet in ag geneem word. Dit moet almal oorweldig en 'n begeerte ontketen dat die ware Bybelse Gemeente van God hier op aarde verwerklik moet word in gedagte, woord en daad. Net soos almal tevrede is met die vervulling van die Skrif deur die Messias, moet ook al die beloftes wat aan die Gemeente gegee is, aan haar en deur haar vervul word. Die gebed van die vroeë Gemeente eindig so: *"En nou, HERE, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kneg Jesus plaasvind. En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek"* (Hand. 4: 29-31).

## Die profeet

Net soos op die ander gebiede het Hy ook die taak gehad om as Profeet Sy doel te vervul. In Handelinge 3: 22-23, verwys Petrus na die woord wat Deuteronómium 18:18 sê van Jesus: *"n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis".* As Seun van die mens was Hy die Profeet. Die ernstige waarskuwing lui: *"... En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis ".* Om na die SO SPREEK DIE HERE te luister en Hom te glo, beteken lewe.

Op die Berg van Verheerliking het die magtige stem uit die bonatuurlike wolk gekom wat gesê het: *"Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n*

*welbehae het. Luister na Hom! En toe die dissipels dit hoor, het hulle op hul aangesig geval en was baie bevrees."* (Matt. 17: 5-6). Hulle sien toe hoedat hul Meester van gedaante verander na 'n verheerlikte liggaam. So sien Johannes weer die HERE op die eiland Patmos, toe hy in die gees weggevoer was (Openb. 1: 12-17). Wie Jesus vandag sien in Sy verheerliking, hoor ook dieselfde woorde: *"na Hom moet julle luister!"*. Hier sien ons die volle ooreenstemming van Deuteronómium 18:18 en Handelinge 3: 20-23.

As die God-profeet het Hy die woord en die wil van God verkondig en gedoen. Johannes die Doper was gevra: *"Is u die profeet? En hy antwoord: Nee"* (Joh. 1:21). Hierdie Johannes was die grootste van al die profete; Hy oorbrug die Ou na die Nuwe Testament om Christus, die Lam van God voor te stel. Maar hy was nie die profeet waarvan Moses geprofeteer het nie. Dit was die Messias wat die profetiese deel van die Plan van Verlossing aangedui en uitgevoer het. *"Toe die mense dan die teken sien wat Jesus gedoen het, sê hulle: Hy is waarlik die profeet wat in die wêreld sou kom"* (Joh. 6:14).

In Johannes 5:19 sê dit: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so."* Daarmee het hy Sy menslikheid heeltemal ten volle geopenbaar. Dit is nie 'n hulpelose God wat met 'n magtige God praat nie, maar die Seun van die mens, Jesus Christus, met God. Die profete is gesante van die HERE, sieners. God se wil word deur die inspirasie van die Gees aan hulle geopenbaar; hulle sien goddelike visioene wat aan hulle bekend gemaak was. Die Seun van die mens was die Profeet wat gesien en gehoor het wat hy moet doen. Hy het ook gesê: *"omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het."* (Johannes 5:30). Selfs die Ou Testament Skrif uit Psalm 40:8 verwys na hom: *"Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe,"* Dit word in Hebreërs 10: 7-9 aangehaal. In vers 10 volg die stelling: *"... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal."* Adam kon nie die wil van God vir die mens nakom nie. Maar deur die Gees-verwekte Seun van God se gehoorsaamheid is die ongehoorsaamheid van die eerste Adam weggeneem. Deur die volkome wil van God te doen, het Hy ons vloek op Hom geneem, sodat God se seën oor ons kon wees. *"En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het."* (Kol. 2:13).

## Die Lam van God

In die Ou Testament moes ‘n onskuldige lam as 'n offer dier sterf, 'n simbool van die volmaakte Offerlam wat die plek van die skuldige moes neem. Johannes die Doper het na Jesus gewys en uitgeroep: *" Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem"* (Joh. 1:29). Petrus het geskrywe: *"omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van ‘n lam sonder gebrek en vlekkeloos*" (1Pet. 1:18-19). Die Gemeente van God word deur Sy goddelike bloed verkry (Hand. 20:28).

*"Hom het God voorgestel in sy bloed as ‘n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys ... en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is"* (Rom. 3: 25-26). Wat 'n wonderlike waarheid! Dit is die kern van die evangelie. Alle Skrifte, hul verbintenis met mekaar en hul ooreenstemming, lei tot ‘n goddelike antwoord.

## Die Priester

Die Messias moes ook Priester wees. In Hebreërs 9: 11-14 sê dit: *"Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en ‘n ewige verlossing teweeggebring. Want as die bloed van stiere en bokke en die as van ‘n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien."* In Hebreërs 5, vanaf vers 7 lees ons: *"...Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs—Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, ‘n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem ‘n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek."*

In Génesis 14, vanaf vers 18, word ons vertel: *"En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het*

*brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles"*. Wie net hierdie skrifgedeelte neem, kry die indruk dat 'n koning regeer in Jerusalem, wat gelyktydig bekleed was as 'n priester. In Hebreërs 7 word hierdie priester-koning nader beskrywe: *"hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede"* (vers 2). Daar is net een persoon wat as Koning van geregtigheid en as die Koning van Vrede aangespreek kan word, en dit is die Koning van alle konings. In die tyd van Abraham het Hy nog nie in die vlees gekom nie. In die 3de vers word Melgisédek soos volg aan ons verduidelik: *"sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde"*, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur. Elke koning en elke priester op aarde het 'n pa, 'n ma en 'n linie. Maar nie Melgisédek nie. Dit is nog 'n oorweldigende bewys dat toe die HERE Abraham as 'n priester op daardie tydstip ontmoet, was Hy nog nie gebore as 'n seun in die wêreld nie. As 'n priester het hy by Abraham gekom met brood en wyn – simbole van die nagmaal.

In die Ou Testament, was die hoëpriester net een keer 'n jaar toegelaat om die Allerheiligste te betree, naamlik op die groot dag van versoening, nadat hy die bloed van die dierlike offer gestort het (Heb. 9:7). Christus het as Hoëpriester eens en vir altyd met Sy eie bloed, wat nie in die sand van die aarde ingesuipel het nie, opgevaar en dit na die genadetroon geneem. Die bloed het vandag dieselfde regverdige werking, vir almal wat die Bybel glo. Dit is die bloed van die Nuwe Testament, wat nou werksaam is, gedurende die tyd van genade, aan almal wat daarin glo.

Dit is geskryf: "*as sy siel 'n soenoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees"* (Jes. 53:10).

## Die Middelaar en Advokaat

Die term "versoeningsoffer" lei oor na die Middelaar en Advokaat. Job het hierdie gedagte baie duidelik uitgedruk: *"Is daar dan vir hom 'n gesant, 'n tolk, een uit duisend, om die mens sy plig te kenne te gee: en is Hy hom genadig en sê: Verlos hom, dat hy in die kuil nie afdaal nie: Ek*

*het 'n losprys gevind..."* (Job 33:23-24). *"Hy sing voor die mense en sê: Ek het gesondig en verdraai wat reg is, maar dit is my nie na verdienste vergeld nie. Hy het my siel verlos, dat dit nie in die kuil ingegaan het nie, en my lewe mag hom verlustig in die lig"* (v.v. 27-28). Hier praat dit van die Advokaat van versoening en verlossing. Job getuig: *"Ek weet dat my Verlosser leef"* (19:25).

In al hierdie eienskappe, sien ons die Seun van die mens langs God. In 1Tim. 2:5, sê dit: *"Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal."* Hebreërs 12:24 sê dat ons *"by Jesus, die Middelaar van die nuwe testament, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel"* gekom het. In die Ou Testament word die term "tussenganger" geïllustreer deur die profeet Moses. Daarom word in Handelinge 7:38 die volgende gesê: *"Dit is hy wat in die vergadering in die woestyn was saam met die Engel wat met hom op die berg Sinai gespreek het, en saam met ons vaders; hy het die lewende woorde ontvang om aan ons te gee."*

Die Bemiddelaar moes 'n Advokaat wees. Johannes vermaan die gelowig-gewordenes: *"My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld"* (1Joh. 2: 1-2). As 'n Advokaat is Hy aan die regterhand van God, want *"die HERE het tot my HERE gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete"* (Psalm 110:1).

Nie net tydens Sy aardse lewe nie, maar selfs nou word Jesus Christus langs God gesien. Toe Stefanus die hemele geopen gesien het, sê Hy die volgende: *"Kyk, ek sien die hemele geopend en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan"* (Hand. 7:56). Nooit sien iemand in die Skrif 'n ander god behalwe God. Die HERE Jesus het self voor die Sanhedrin gesê: *"Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God"* (Matt. 26:64). Elke keer as ons ons geliefde HERE sien in die uitoefening of verrigting van 'n taak in verband met ons verlossing, word Hy vir ons gewys naas God. Die apostel vermaan die gelowiges: *"die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het"* (Heb. 12: 2).

Net soos Stefanus die Seun van die mens in die hemel gesien het aan die regterhand van God, het Johannes Hom in die midde van die sewe goue kandelare gesien (Openb. 1: 12-20). Hy verskyn aan Saulus op die pad na Damaskus in ‘n helder lig. In Handelinge 9: 3-6 lees ons: *"En toe hy op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik ‘n lig van die hemel af; en hy val op die grond en hoor ‘n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? En hy sê: Wie is U, HERE? En die HERE antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: Here, wat wil U hê moet ek doen? En die HERE antwoord hom: Staan op en gaan na die stad, en dit sal jou gesê word wat jy moet doen*" Die HERE kan Homself openbaar aan wie Hy wil, waar Hy wil, en wanneer Hy wil!

Ons kan hom ook op dieselfde tyd in Sy veelvuldigheid sien, en tog bly Hy dieselfde. In Johannes 3:13 sê Hy, *"En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is".* Toe hy dit gesê het, het Hy met albei voete op die aarde gestaan en praat met die mense. Dit is toenemend duidelik dat ons onsself op goddelike openbaringsgrond bevind.

## Seuns van God

Die verbinding wat God met die mens het deur die Seun van die mens word vir ons in Hebreërs 2:6-9 aangetoon: *"maar iemand het êrens getuig en gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? U het hom ‘n weinig minder as die engele gemaak; met heerlikheid en eer het U hom gekroon en hom oor die werke van u hande aangestel. Alle dinge het U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie; maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir ‘n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak."* Dit is alles gedoen namens ons. In Hebreërs 2: 10-11 sê dit: *"Want dit het Hom betaam, ter wille van wie alle dinge en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak. Want Hy wat heilig maak, sowel as hulle wat geheilig word, is almal uit Een; om hierdie rede skaam Hy Hom nie om hulle broeders te noem nie."*

Wat in die Ou Testament geskryf is as 'n belofte, word letterlik vervul in die Nuwe. Na die opstanding, het die HERE vir die vroue wat na sy graf gekom het gesê: *"Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel my broeders dat hulle na Galiléa moet gaan: en daar sal hulle My sien"* (Matt. 28:10). In Johannes 20:17 vind ons bevestig dat die heiliges en die wat geheilig word, dieselfde Vader het: *"Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God".* Johannes skryf dat dit in die voltooiing duidelik sal word dat ons sal verander na die beeld van God se Seun: *"maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is*" (1Joh. 3:2). So gewis soos dit geskrywe is, so seker sal dit gebeur; Sy ewige raad met diegene wat in Hom glo, in die naderende finale verwesenliking.

In Psalm 22:23 sê: *"Ek wil u Naam aan my broers vertel, in die vergadering U prys"* Die naam is nie alom bekend nie, maar soos geskrywe is, het Hy Homself bekend gemaak aan Sy broers, naamlik diegene wat God tereg hul Hemelse Vader kan noem,. In die Seun het God ons alles gegee. *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag"* (Kol. 2: 9-10). Ons sien onse HERE wat in sy menswording die verskillende take moes uitvoer. Jesus het gesê: *"Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig"* (Joh. 5:39). In hierdie navorsing het ons die getuienis dat die Skrif volle geloof gee. Jesus sê in Johannes 17 vers 3: *"En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het"*. Hy het ook gesê: *"En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê..."* (Joh. 6:40). Die belangrikheid van geloof in God se openbaring in die Seun, word in die volgende vers uitgedruk: *"Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom..."* (Joh. 3:36). Ten spyte van die menigvuldigheid waarin onse HERE bekend is, bekyk ons vanuit die menslike punt en bely met Thomas: *"My HERE en my God"* (Joh. 20:28). Volgens die getuienis van die apostel Paulus getuig nie enigeen van Jesus Christus as HERE nie; net hulle wie werklik die Heilige Gees het (1Kor. 12:3).

As die goeie Herder het Hy Sy lewe vir ons gegee en het Hy ons die skape van die weiding van Sy hand gemaak. Hy is die Koning en

Priester, en het van ons konings en priesters gemaak (Openb. 1:6). Hy is die Rots, die kosbare Hoeksteen, waarop ons as lewende boustene tot 'n geestelike huis opgebou word (1Pet. 2: 4-10). As Seun het Hy ons seuns en dogters van God gemaak (Efé. 1:6), ens. Enigiemand wat die HERE in Sy menslikheid langs God sien, moet voor oë hou, dat dit alles gebeur het sodat God Sy ewige plan kon uitvoer met die mensdom. As Seun van God is Hy die Verlosser, as Seun van die mens is Hy Profeet, as Seun van Dawid is Hy die Koning. Hy sal sit op die troon, en ons sal 'n duisend jaar saam met Hom regeer (Openb. 20:6). Hierdie groot belofte het Hy aan Sy kinders gegee (Openb. 3: 20-21). Daarna open die tyd in die ewigheid, en sal God dan alles in almal kan wees.

## Die Eerwaardige

In Daniel 7: 9-10 word ons 'n merkwaardige gebeurtenis vertel: *"Ek het bly kyk totdat trone reggesit is en 'n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan 'n brandende vuur."* God is nie oud nie en beslis nie 'n oupa nie. Hy is die vader en van ouds af dieselfde onveranderlike God. By Hom is daar geen sprake van ouderdom nie. In hierdie visie sien Daniel Hom as 'n Regter, as die hoogste gesag in al Sy Majesteit en Eerwaardigheid. In vers 13 getuig Daniel: *"Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens, en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nader gebring voor Hom".*

Ons word verras om die Seun van die mens te vind in die Nuwe Testament, beskryf as die eerwaardige gryse. In Openbaring 1, vanaf vers 13 sien Johannes: *"... en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam..."*. In die profeet Daniël word God vertoon met 'n wit kop. In die Nuwe Testament is Jesus Christus, die Seun van die mens, in dieselfde manier beskryf met 'n wit kop. Dit bevestig opnuut dat die openbaring van die Seun steeds God is (1 Kor. 15:28). *"Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"* (Openb. 1: 7-8).

In Openbaring 20, vanaf vers 11, word die finale oordeel beskryf. Johannes getuig: *"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het".*

Tot by die laaste hoofstuk van die Bybel vind ons nog dit wat betrekking het op die tydige, wat nie verband hou met die ewige nie. Byvoorbeeld, Openbaring 22 praat van die bome wat vrugte dra elke maand. Dit sal tydens die Vrederyk wees (Esé. 47:12). Dan praat dit ook nog van die troon van God en van die Lam; dit is in die enkelvoud – nie in die meervoud nie: *"En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien"* (Openb. 22: 3-4). Aan die einde praat dit weer van die Een, soos in die begin gepraat was: *"kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste"* (vers 12).

As 'n heiligdom van geloof, wil ons hou by die Woord van God. Wat nog hangende is, sal beslis op die regte tyd vervul word (Hab. 2: 2-3). In die voleinding sal geopenbaar word dat God Sy groot plan verwerklik het en Sy ewige Raad uitgevoer het. Sodra tyd in die ewigheid invou, is daar geen behoefte aan die Seun van die mens meer nie, ook nie Middelaar of Advokaat nie, ens. Die HERE God word dan opgehef en ons saam met Hom. Die finale toestand word op sy mees doeltreffendste beskryf in Openbaring 21: 3-7: *"Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut*". Dit gaan voort: "*Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees*" Amen! Amen!

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal. Wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd, kan ons gerus kontak by enige van die onder-genoemde kontakpunte.

Ander beskikbare boekies sluit in:

**DIE CHRISTENDOM GISTER EN VANDAG**

**DIE BYBEL – DIE MEES-GELESE BOEK**

**DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS**

**DAAR IS GESKRYWE**

**’N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA**

**’N MAN VAN GOD GESTUUR**

**DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS**

**DIE ANTICHRIS**

Dit is alles gratis bekombaar, en vele ander onderwerpe in Engels, by die ondervermelde plaaslike adres. Van dit kan ook verkry word onder andere in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D–47707 Krefeld
Duitsland

Webwerf: http://www.freie–volksmission.de
E–pos: volksmission@gmx.de

Ons Plaaslike Kontakpunte: